

Saterdag 8 April

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:12-19

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:14

Die Heilige Gees rus ons toe om tot eer van God te leef

Niemand hou daarvan om vervolgd en beledig te word nie. Ons lees in vers 12 dat ons nie verbaas moet wees as hierdie dinge met ons gebeur nie. Wanneer ons deur die Heilige Gees gelei word om voortdurend (daaglikse bekering) te breek met die ou mens en ons leef as 'n nuwe mens (sien 7 April) in Christus, dan gebeur dit dat vervolgings en beledigings tot ons beproewing dien.

Ons moet nie hierdie dinge as vreemd beskou nie, want in die daaglikse uittrek van die ou mens, die innerlike vernuwing deur die Gees en die aantrek van die nuwe mens, kry ons meer deel aan die lyding van Christus, om uit-eindelik – by sy wederkoms – in die volle vreugde te deel.

Hoekom dan die vervolging en beledigings? Die vraag is eerder: Hoekom nie? Om beledig te word ter wille van die Naam van Christus, is iets besonder. Dit is nie besonder om beledig te word nie, maar die rede vir die belediging is so besonder. Niemand sal jou beledig en vervolgd as die Gees aan Wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, nie op jou rus nie.

Die Heilige Gees lei jou nie net om 'n nuwe mens in Christus te wees nie, maar Hy rus jou ook as nuwe mens toe om tot eer van God te leef, selfs wanneer vervolging en belediging oor jou kom.

Sing: Skrifberyming 24 (1-1):7

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)